VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 15 - Uitgawe 17
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

26 Mei 2017

Johannes 17:11-16: 11"Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees. 12Toe Ek by hulle was, het Ek hulle in u Naam bewaar, die Naam wat U My gegee het. Ek het hulle beskerm, en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die een wat verlore moet gaan sodat die Skrif vervul kan word. 13Maar nou kom Ek na U toe. En Ek sê dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat hulle my blydskap in al sy volheid in hulle kan hê. 14Ek het u woord aan hulle gegee, en die wêreld haat hulle, omdat hulle nie tot die wêreld behoort nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. 15Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar. 16Hulle behoort nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie."

Onthou dat die Sinodale Kantoor vir Hemelvaart gesluit is, normale besigheid sal weer op 26 Mei voortgaan.

1. NB! BEURSE EN LENINGS – NG KERK VRYSTAAT:

Die Sinodale Kerkkantoor ken jaarliks beurse en lenings aan voltydse teologiese, sowel as nie-teologiese studente, toe. Aansoekvorms vir beurse en lenings ten opsigte van die 2018 studiejaar, is reeds by hierdie kantoor beskikbaar. **Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 31 Augustus 2017.** Vir verdere navrae in dié verband, kontak gerus vir Danielle Theron by 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan **studente@ngkvs.co.za**. **LET WEL**, hierdie beurse en lenings word slegs aan studente (nie-teologies) toegestaan wat aan 'n Vrystaatse instansie studeer en wie se ouers in die Vrystaat woonagtig is, asook teologiese studente wat aan die Universiteit van die Vrystaat studeer. *Voorwaardes geld.*

2. RETREAT VIR VRYSTAAT LERAARS TE VOLMOED:

Die Spiritualiteits-Netwerk nooi leraars van die NG Kerk Vrystaat uit na 'n retreat te Volmoed (naby Hermanus), onder leiding van John de Gruchy. Hulle beoog om altesaam 13 persone op retreat te neem en daar is nog plek vir vyf leraars, dus moet julle vinnig spring om plek te bespreek!

Datum:	3 tot 7 Julie 2017
Koste:	R1 500pp (vervoer, verblyf en ete's ingesluit)
Vervoer:	Bussie vanaf Bloemfontein en terug
Inskrywing:	Sluit einde Mei 2017
Betaling:	NG Kerk OVS, ABSA reknr 470 000 406 **(Verwysing: Voorletters+Van+Volmoed)**
Navrae:	Robbie du Toit (084 401 6117) en Barnard Steyn (082 842 7028)

"Volmoed… a place of healing"

3. GEMEENTENUUS:

PINKSTERDIENSTE:

NG BLOEMHEUWEL: Die dienste vind plaas vanaf **28 Mei tot 1 Junie 2017, elke aand om 18:00 in die kerkgebou, met die Pinksterafsluiting op Sondag 4 Junie 2017 om 09:00.** Die dienste word gelei deur prof Fanie Snyman (dekaan van die Teol Fakulteit by die UV). Sy temas hou verband met die 500-jarige Hervormingsfees wat vanjaar gehou word:

Sondagaand: Sola Scriptura - Net die Bybel is ons norm

Maandagaand: Solus Christus - Net deur Christus word ons gered
Dinsdagaand: Sola Gratia - Net deur genade word ons gered
Woensdagaand: Sola Fide - Net deur geloof word ons gered
Donderdagaand: Soli Deo Gloria - Net aan God kom die eer toe
Sondagoggend 4 Junie: Die Heilige Gees begenadig ons met wysheid om wys te lewe.

Almal is baie welkom, bring gerus vriende saam.

NG BERG EN DAL: Hul **Pinksterdienste** vind **vanaf Sondag 28 Mei tot 4 Junie 2017** plaas en word gelei deur ds Louwrens Scheepers – hy skryf die volgende oor sy tema: *Tydens hierdie Pinkster gaan ons saam met die etende en drinkende Seun van die mens beweeg. Op hierdie reis gaan ons deel word van die skare wat sien hoe hierdie Seun van die mens op verskillende plekke mense ontmoet... in die Sinagoge, op 'n berg, in die straat, in 'n skuit, of agter in toe deur in 'n bovertrek. En die meeste van die tyd is daar kos en wyn betrokke. Jy word uitgenooi om hierdie Pinkster saam met Jesus te kom stap en deel van die ontmoetings met verskillende mense te word. Ontmoetings wat lewens verander. Ontmoetings wat nuwe perspektiewe bring. Ontmoetings wat jou verras laat wonder... wie is nou eintlik in en wie is nou uit?*

NG KESTELL:

NG UNIVERSITAS-WES:

4. ESPERANZA JEUGSORGSENTRUM KOFFIE-SHOP: Hierdie sentrum, geleë te Scrivenlaan, Bainsvlei (GPS 29,0044 / 26,0646), bied op **Sondag 4 Junie 2017 vanaf 12:00 – 15:00** weer 'n heerlike kuiergeleentheid aan. 'n Driegang-maaltyd, bestaande uit 'n voorgereg van groentesop, die hoofgereg van *Chicken a la King* / kerrie en rys, asook malvapoeding met vla vir nagereg @ R120pp, word aangebied - bestel asseblief jou keuse vooraf by Tracy, 083 696 2054. Indien jy nie die maaltyd wil geniet nie, kan die volgende items ook vooraf bestel word:

- Melktert @ R20
- Pepperminttert @ R20
- Koeldranke @ R10 per glas (Coke, Coke light, Fanta, Sprite, Sprite zero)
- Daar is ook 'n snoepie beskikbaar

Die volgende items kan weekliks bestel word (bestel op 'n Woensdag vir Vrydag – word vars gebak):
- Cup cakes
- Klein melktertjies
- Klein cremoratertjies
- Koeksisters

5. SPELTERAPIE KURSUS: Verbreed jou kennis en verdien VBO en CPD punte! Caritas Terapie Sentrum se opleidingseenheid vir optimale funksionering bied die volgende kursusse deur dr Hannie Schoeman aan:

7,8,9 en 10 Junie 2017 - Spelterapie vlak 1 - R2100 (20 VBO- en 20 CPD punte)
12,13 en 14 Junie 2017 - Spelterapie vlak 2 - R1950 (15 VBO- en 15 CPD punte)

Indien albei kursusse gedoen word, kan afslag ontvang word, dit moet egter self met dr Schoeman gereël word. Klik **hier** vir die inligtingstuk, asook inskrywingsvorm. Vir meer inligting besoek dr Schoeman se webblad by **www.gestaltplaytherapy.co.za.** Die kursusse word aangebied by Caritas Terapie Sentrum, Lawsonstraat 72, Kimberley. Verblyf is op die terrein beskikbaar by die Oornaghuis, kontak Stina by 087 150 0517. Vir enige ander navrae, skakel vir Estie Botha by 087 150 5058, of 083 976 3504.

6. VAKATURES:

VOLTYDSE LERAAR – NG HERTZOGVILLE: Vir meer inligting oor hierdie pos, klik **hier** – **die sluitingsdatum vir aansoeke is Sondag 18 Junie 2017**, met diensaanvaarding vanaf 1 Oktober 2017.

'N GESKIKTE PERSOON/EGPAAR VIR 'N NUWE GF4GF-SENTRUM: GF4GF staan vir, ***GOOD FOUNDATIONS FOR GOOD FRUIT*** en die stigterslede gaan 'n nuwe sentrum buite Victoria-Wes begin, wat hulle die Genadeland GF4GF-Sentrum gaan noem**. Hulle soek dringend na iemand (dalk 'n egpaar) wat passievol is oor God en oor jongmense om as programleier(s) en huisouer(s), op te tree.** Hulle vra die volgende vraag, *Maak die volgende jou opgewonde?*

- 'n "Gap year" ("Good year") vir jongmense met matriek op 'n klein sendingplaas waar hulle as deel van 'n familie saam woon, werk, gesond word, groei, toegerus word, pret het en uitreik.
- Toerusting van jongmense om as Christenleiers te gaan leef in hul huise, gemeenskappe en land.
- Bemagtiging van jongmense wat wil uitstyg uit hul omstandighede.
- Vorming van jongmense as dissipels van Jesus wat ywerig is om ander dissipels te maak.
- "Living and farming God's Way".

Hierdie sentrums vorm deel van Amos-Agrimin – vir meer inligting oor die sentrum, sowel as die vakante pos, klik **hier**. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 30 Junie 2017** - die kontakpersoon is Johan Viljoen by 083 259 3945, of e-pos **johanv@gf4gfcentres.co.za**

VAKATURES - e-KERKBODE: 'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies, is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Klik **hier** vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie.

7. GELUKWENSE: Ds Org van der Watt, leraar van die NG Gemeente Bethlehem-Môrelig en sy vrou Maryke, het op 17 Mei 2017 die trotse ouers geword van 'n pragtige babadogtertjie, Marelé. Baie geluk met hierdie geskenk uit die hemel, mag sy julle altyd trots maak – geniet elke kosbare oomblik saam met haar, hulle word gans te vinnig groot!

8. HERHALINGS: Lees berigte in 'n vorige *Vrypos* hier: **NG Wesselsbron-Noord** se Basaar-Kleurefees, **NG Hugenoot** se basaar, asook **NG Brandfort** se Sonskynkermis en motorskou, vind alles op 27/5 plaas; **NG Berg en Dal** bied op 1/6 'n inligtings- en gespreksgeleentheid oor *INcontext Ministries* aan; **NG Gardeniapark** bied basaarspeletjies op 3/6 aan, kyk na **NG Rietfontein** se eeufeesprogram vir die naweek van 3&4/6 en **NG Hertzogville** vier hul 100jr op 17 & 18/6.

9. VERJAARSDAE: Seënwense vir almal wat die komende week verjaar, mag dit 'n besondere jaar vir elkeen wees:

26 Mei:
Thea Bosman - SINODALE KANTOOR (Kommunikasie & Moderamen) - 083 260 4049, kerkinfo@ngkvs.co.za
Dr Hannes de Kock - BETHLEHEM-NOORD - 082 885 5163, mwjam@mweb.co.za
Ds Pieter-Möhr van Niekerk - KROONHEUWEL-NOORD - 076 457 0894, pmohrvanniekerk@gmail.com

28 Mei:
Ds Danie Pretorius - VAALPARK, SASOLBURG -072 580 1866, pretoriusdj@absamail.co.za
29 Mei:
Dr Hannes Els - KROONSTAD-SUID - 082 438 3284, els@telkomsa.net
Dr Christo Herbst - TROMPSBURG - 083 273 5067, christo@msnet.co.za

31 Mei:
Ds Piet Smit - BRANDFORT-OOS - 082 874 1588, wilpiet75@gmail.com
Ds Jac Pienaar - TAAIBOSSPRUIT - 061 417 7573, jacpienaar1@gmail.com

10. TEN SLOTTE:

Groetnis tot volgende keer...

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 (k) Faks: 086 609 2547

INDIEN JY OP ***VRYPOS*** WIL **INTEKEN**, KLIK hier **(meld asseblief ook jou gemeente/dorp)**

AS JY ***VRYPOS*** WIL **KANSELLEER**, KLIK hier

Stuur enige nuusgebeure, inligting na kerkinfo@ngkvs.co.za **(spertyd vir indiening, Dinsdae @ 14:00)**

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

VOLTYDSE LERAAR - NG HERTZOGVILLE:

GEMEENTEPROFIEL: Hierdie gemeente is geleë binne in 'n boerderygemeenskap in die Noord-Wes Vrystaat en ongeveer 140km vanaf Bloemfontein en is 'n behoudende gemeenskap. Daar is 298 belydende lidmate, 78 dooplidmate en bestaan uit ses plaaswyke en vyf dorpswyke. Hertzogville het 'n baie goeie laerskool en het ook 'n Bejaarde Dienssentrum vir selfversorgende bejaardes.

LERAARSPROFIEL:

- Gereformeerde en evangeliese prediker wat die gesag van die Skrif aanvaar.
- Leraar wat sal aanpas in plattelandse gemeenskap.
- Die kandidaat se ouderdom moet verkieslik tussen 30 – 50 jaar wees en hy moet getroud wees.
- Leraar se vrou moet betrokke wees.
- 'n Herder wat in spanverband kan saamwerk en met 'n visie vir geestelike vernuwing – nie net suiwer verandering nie.
- 'n Kreatiewe dinamiese persoon wat nie net oor tegnologiese vaardighede beskik nie, maar wat ook bestuursvernuftig is.
- 'n Energieke persoon met 'n passie vir mense.
- Kontak deur middel van huisbesoek is baie belangrik.
- Iemand wat met entoesiasme leiding, motivering en samewerking kan bewerkstellig en die Lewende Woord in alle omstandighede suiwer bedien.

WERKSPROFIEL:

- Ampspligte: Ingevolge Artikel 9 van die Kerkorde.
- Vergoeding: Totale vergoedingspakket - onderhandelbaar "binne Sinodale riglyne".
- Die gemeente bied 'n gerieflike, ruim en netjiese pastorie vir inwoning.

AANSOEKE:

Gee 'n duidelike uiteensetting van hoe u, u rol as leraar sien, 'n CV, met drie referente, moet u aansoek vergesel.
Rig u aansoek en CV per e-pos aan, **nghzvl@gmail.com**
Sluitingsdatum: **Aansoeke sluit 18 Junie 2017**
Diensaanvaarding: 1 Oktober 2017

Vir enige verdere navrae, kontak vir Martie de Koker (skriba) by 053 421 9112 (k), of vir ds Francois du Plooy (konsulent), by 082 737 1792 , of vir Johan van Rensburg (Voorsitter van die Kerkraad) by 082 374 7898.

Die kerkraad behou hom die reg voor om niemand uit die belangstellendes te beroep nie.

TERUG NA INHOUD